Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 3 Julie 1946. No. 32.

# Gebruik van Afrikaans Strafbaar In Spoorweë

**Tagtig persent van die boeke en werk in die spoorwegkantore in Kaapstad word in Engels gedoen — ondanks die feit dat byna driekwart van die Spoorwegadministrasie uit Afrikaners bestaan. Afrikaanssprekende amptenare wat hulle boeke, betaalstate ens. in Afrikaans oorgesit het, het in botsing met hul hoofde gekom en is verplig geword om dit weer in Engels oor te sit. Toe hulle geweier het om dit te doen, is hulle na ander kantore van die Spoorweë in Kaapstad verskuif, volgens 'n mededeling aan Die O.B.**

Daar heers 'n algemene ontevredenheid onder Afrikaanssprekende klerke in die Spoorweë, omdat hulle nie die vryheid het om die werk wat hulle daagliks doen, in Afrikaans te mag doen nie. Amptenare het meegedeel dat in elke geval waar hulle dit gewaag het om die werk in Afrikaans te doen, hulle in die warm water beland het. Hulle staan magteloos teenoor hierdie onreg wat hulle aangedoen word en teen die Engelse beleid van hul hoofde.

Hoofde van die verskillende afdelings het aan klerke verklaar dat hulle nie heeldag met 'n woordeboek kan sit om te sien wat die klerke in Afrikaans skryf nie. Hulle is nie in staat om Afrikaans op skrif te verstaan nie, laat staan nog praat!

## GESTRAF

Van die klerke het hulle teen hierdie beleid van hul hoofde verset. **Hulle is daarna op ander werk geplaas. Hier het hulle die werk wat hulle moes doen, weer in Afrikaans omgesit, met dieselfde gevolg.**

Amptenare het verklaar dat die beleid van tweetaligheid in die spoorweë nie geld nie. **In die spoorweë is daar slegs een taal geldig, Engels.** Omsendbriewe word as reël in Engels aan die klerke oorhandig sonder om die Afrikaanssprekende klerke in aanmerking te neem. Korrespondensie wat die administrasie aan die klerke persoonlik rig, word ook in Engels gedoen. Amptenare wat geweier het om sulke briewe in Engels te ontvang en geëis het dat hulle hul persoonlike korrespondensie in Afrikaans wil hê, staan by hul hoofde gebrandmerk.

# Atoombom-Toets: Skepe Dryf nog

**Die ontploffing van die atoombom in die Stille Oseaan het nie die katastrofale uitwerking op die skepe en omliggende gebied gehad as wat deur baie verwag is nie. Die eerste waarnemings het vanuit 'n oogpunt van sensasie nie veel opgelewer nie. Daar was egter ook lewendige diere aan boord van die skepe wat tans ondersoek word vir die gevolge van radio-uitstraling.**

**Die bomme wat indertyd op Japan gelos is, het getoon dat duisende mense eers 'n hele tydjie ná die ontploffing begin siek word en gesterf het.**

Die vierde atoombom, die eerste in vredestyd, is verlede Sondag deur die Amerikaners op die „proefkonyn-vloot" bo die Bikini-atol afgegooi, na Sapa-Reuter berig. Toe die bom twee minute nadat dit neergewerp is, ontplof, het Bikini en die skepe in 'n rookwolk verdwyn. Die rookwolk het 50,000 voet hoog in die lug opgestyg.

Waarnemers wat die bom sien val het, het verklaar dat 'n hele aantal skepe in ligte laaie staan. Vyf minute nadat die bom ontplof het, kon die eerste skepe gesien word. Die Japanse slagskip Nagato het in vlamme opgegaan, maar die Nevada wat in die middel van die groep proefskepe was, het nog gedryf.


Daar was geen ongevalle onder die bemannings van die verskillende waarnemende skepe nie.

Die verwagting dat daar 'n vloedgolf sou ontstaan wanneer die bom ontplof, is nie bewaarheid nie. Die ontploffing was ook nie besonder hard nie — maar soos 'n groot kanon, het een waarnemer gesê.

## Nog Geen Vrede

Die raad van ministers van buitelandse sake wat in Parys vergader, kon na twee weke nog nie ooreenkom oor die datum van die vredeskonferensie van die 21 lande wat belang het by die vredesverdrae met Italië, Finland, Bulgarye, Roemenië en Hongarye nie. Die konferensie sou al in April plaasgevind het, maar weens die dwarstrekkery tussen die Grotes het dit deurgeval. Daar is ook geen beslissing gevel oor die lot van Triëst en die ander belangrike Italiaanse vraagstukke nie. Hierdie week word die pogings voortgesit.

# DIE „GEVAARLIKE WÊRELD"



'n Blik op die vergadering van die „Vyf Grotes" se ministers van buitelandse sake, waar daar geworstel word teen die „gevaarlike nuwe wêreld" wat die Geallieerdes met hul oorwinning gebring het. Ernest Bevin (Brittanje) sit in die hoek heel links voor. Langs hom sit Rusland se ministers Visjinski en Molotof, terwyl Byrnes (V.S.A.) reg oorkant die tafel sit met Frankryk se nuwe eerste minister, Bidault, in die regterhoek bo.

## Wil Unrra Se Vlerke Knip

**Die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers het nadat hulle geluister het na aanklagte dat die voedsel wat deur Unrra verskaf word, in verskeie dele van die wêreld vir politieke doeleindes aangewend word, daarteen gestem dat geld van Unrra gebruik word vir lande wat vrye toegang aan die Amerikaanse pers weier.**

Pres. Truman het die Kongres meegedeel dat alle lande wat van Unrra hulp ontvang, behalwe die Ukraïne, vrye toegang aan die pers van die Verenigde State verleen. Van die lede van die kongres het geëis dat daar ondersoek ingestel moet word na die Amerikaanse burgers wat in diens van Unrra is. Hy het beweer dat hulle on-Amerikaans is en dat hulle deur die Russe oorheers word.

## VERMENGING

**Van 1936 tot 1944 is daar 851 gemengde huwelike in die Unie voltrek, volgens 'n memorandum wat deur die Federale Raad vir Openbare Sedelikheid aan die waarnemende Eerste Minister voorgelê is.**

**In 47 gevalle was die bruid 'n naturelle-vrou en die bruidegom 'n blanke. In een geval was die bruid 'n blanke en die bruidegom 'n naturel. In 49 gevalle was die bruidegom 'n Asiaat en die bruid 'n blanke, terwyl daar 7 gevalle was waar die bruid 'n Asiaat en die man 'n blanke was. Meer as 600 blanke mans het met kleurlingvroue getrou. Honderd vyf-en-twintig kleurlinge is met blanke vroue in die huwelik bevestig. Uit hierdie huwelike is daar 2,457 basters gebore.**

# Onderwyser-Leier Pleit In Rigting van O.B.-Beleid

**'n Pleidooi dat die hele onderwysstelsel deur wetgewing buite die bestek van die partypolitiek geplaas moet word, is deur mnr. C. R. Venter, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, op die jaarkongres wat verlede week op Aliwal-Noord gehou is, gedoen.**

Vir die rekonstruksie van die onderwys is nodig dat die regering volle verantwoordelikheid vir die finansiële voorsiening dwarsdeur die land moet aanvaar. Hy het gesê dat die huidige provinsiale stelsel slegs in administratiewe hoedanigheid moet aanbly.


**Aan die hoof van die onderwys moet 'n direkteur, 'n onderwysman staan, bygestaan deur onderwyshoofde van al vier die provinsies. Om hierdie amptenare by te staan moet daar 'n adviserende onderwysraad wees waarin die onderwysberoep, die kultuurliggame, die ouers en die kerke verteenwoordig sal wees. Verder moet daar ook 'n onderwysers-registrasieraad wees wat beskik oor magte soortgelyk aan dié van die Mediese Raad, wat beheer uitoefen oor die toelating, gedrag en skorsing van onderwysers.**

As verdere vereiste vir die rekonstruksie van die onderwys het mnr. Venter voorgestel dat die hele onderwysberoep deur wetgewing buite die partypolitiek geplaas moet word.

## PARTYPOLITIEK VIR KINDERS NADELIG

Die kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie het verlede week op Aliwal-Noord 'n voorstel van die bestuur sonder teenstem of bespreking aangeneem wat alle politieke partye versoek om hul konstitusies so te wysig dat skoolgaande kinders nie lede van politieke partye mag word nie.

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry* —




**BOEGOESALF**

**Die Oorspronklike P-HAU-SALF**

Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier

HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

# Los Treine Sommer Op Die Vlakte

## *Moegheid In Engeland*

**Byna duisend treine was verlede jaar in Engeland laat vir hul bestemming omdat die masjinis of kondukteur eenvoudig die treine laat staan het waar hulle wou en hul eie plesier in die nabyheid gaan soek het. Sommige het na voetbalwedstryde gaan kyk, die ander was oorlogsmoeg of het hulle bekommer oor hul inkomstebelasting. Intussen moes die passasiers maar geduldig wag totdat die beamptes weer terugkeer of totdat die administrasie ander amptenare stuur om die treine verder te neem.**

Die Britse minister van spoorweë het in die Laerhuis meegedeel dat 997 spoorwegamptenare op hierdie manier hulle diens verlaat, en die treine deur hulle onverantwoordelikheid vertraag het. Van hulle was 195 masjiniste, 276 stokers en 526 kondukteurs.

Ondersoek het aan die lig gebring dat hierdie amptenare, as die trein op 'n stasie stilhou, sommer sonder om 'n woord te praat hul werk laat staan en verdwyn het. **Daar was 'n hele aantal gevalle waar die trein nie eers op 'n stasie tot stilstand gebring is nie. Die masjinis het eenvoudig in die veld stilgehou en gemaak dat hy wegkom.**

VOETBAL

Die rede hiervoor is, so word verklaar, dat die mense as hulle oortyd werk sommer moeg voel en gaan rus wanneer hulle dit geskik ag. **As daar 'n belangrike voetbalwedstryd in die nabyheid aan die gang was, het sommige so na as moontlik aan die voetbalveld stilgehou, en na die spel gaan kyk om hulle moegheid te vergeet.**

In baie gevalle het die beamptes agtergekom dat die geld wat hulle met oortyd verdien, met die helfte verminder is vir inkomstebelasting, en het dan skielik besluit dat dit nie die moeite werd is om verder te werk nie.

Die regering was gebind en kon nie hard optree teenoor hierdie mense nie omdat daar 'n tekort aan werkkragte is. Hulle kon nie bekostig om hulle af te dank nie. Baie van die arbeiders sou afdanking verwelkom het, so is verklaar.

Daar was ook baie gevalle waar die arbeiders nie eers in die oggend by hulle werk opgedaag het nie. Hulle het ook nie hulle werkgewers in kennis gestel dat hulle nie sal kom werk nie, maar eenvoudig weggebly en die dag vakansie gehou.

## *Die Noorde Weer Volmoed*

SOEKMEKAAR. — Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het twee goed geslaagde en geesdriftige vergaderings gehou te Louis Trichardt en Tzaneen. Met dieselfde geleentheid is daar funksies gehou wat bo verwagting geslaag het. Almal wat werklik diep voel vir die Afrikanersaak is weer met nuwe krag en moed besiel om die taak wat voorlê aan te pak.

Ons Kommando's hier in die verre noorde, is die A.K.G. baie dankbaar vir wat hy ons vertel het. — (Ingestuur.)

## *Op Reis*

**Dr. Erika Theron, hoofvrou van Gebied A (Wes-Kaapland) vertrek hierdie week vir 'n studiereis na Amerika met die Goodhope Castle. In haar afwesigheid ageer hoofkomdte. S. S. Voigt van Paarl as waarn. hoofvrou van hierdie gebied.**

# Ontevredenheid In S.A.-Spoorweë

**Amptenare van die Suid-Afrikaanse Spoorweë kla dat hulle omtrent nooit meer normale diensure het nie. Dit het al gewoonte geword dat hulle twaalf uur op 'n dag moet werk weens die tekort aan personeel. „Ons kan dit nie meer lank so volhou nie," het een aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. gesê.**

Sedert die oorlog, toe op onoordeelkundige wyse manne uit alle vertakkings aangepor is om by die leër aan te sluit, het die Spoorweë 'n groot tekort aan arbeidskragte ondervind. Nuwelinge wat in normale omstandighede in diens van die Spoorweë sou tree, is aangemoedig om by die leër aan te sluit. Nou dat die oorlog verby is, moet 'n groot agterstand ingehaal word. Dit neem jare van opleiding voordat 'n spoorwegamptenaar voldoende bekwaamheid het om 'n verantwoordelike pos te beklee. Die gevolg is dat die Spoorweë nog lank gebuk sal gaan onder die dwaasheid van die oorlogsbeleid.

**Onder spoorwegamptenare bestaan ook ontevredenheid oor die beleid van die regering om oudsoldate wat geen ondervinding het nie aan te stel as seniors van amptenare wat nie in die leër was nie. Hulle meen dat hulle net soveel vir die oorlogspoging gedoen het deur die treine gedurende die oorlog te laat loop, as mense wat in die leër was, dog miskien nooit naby die gevegsfront nie.**

## *SOOS ONS LESERS DIT SIEN*

# *Verwoesting aan Gang Op Regeringsplase*

Mnr. F. J. D. Jacobs skryf: Die hele wêreld smag na voedsel, van alle kante hoor mens daar moet meer geproduseer word, en hier in die noorde van Waterberg lê sowat 60 regeringsplase wat oorgelaat is aan die genade van 'n klomp natuurelleplakkers wat hard besig is om gronderosie op 'n goeie spoed te bevorder en om duisende bome te verwoes. Daar is herhaalde male deur boereverenigings en landbou-unies vertoë tot die regering gerig om die plase aan boere te verhuur, maar die Minister wil daar nie van hoor nie; die plase word dan glo gehou vir teruggekeerde soldate, en die gras daarop word gespaar vir hulle. **Met die swaar droogte van '44 en'45 toe duisende diere hier in die noorde van honger moes omkom, het die Minister botweg geweier om weiding aan boere te verhuur. Intussen het die veldbrande al twee keer daardie liewe ou grassies wat so gespaar word, verwoes. . . .**

VERHUUR

Onderwyl daar op die oomblik hard gespook word om voedsel te rantsoeneer, is hier honderde boere-„deelsaaiers" wat op 'n beperkte stukkie grond moet sukkel om 'n bestaan, en dit terwyl naturelle toegelaat word om onbeperk op die regeringsplase te „boer", grond uit te put, erosie op groot skaal in die hand werk, bome verwoes, veldbrande stig en weier om by boere te werk. As daardie plase b.v. aan boere verhuur was tot die soldate dan eendag opdaag, dan sou hulle 'n verbeterde plaas kom kry instede van 'n verwoeste een, en dan sou daar vanjaar duisende sakke graan meer geproduseer gewees het. Voorwaar 'n chaos wat alleen kan voortspruit uit hierdie verrotte stelsel van partypolitiek.

Aangrensende eiendomsplase word geteister uit daardie gebied deur wild wat elke jaar baie morge graan verteer en dan word daar nog geweier om boere van geweers te voorsien om hulle lande te beskerm terwyl al hierdie dinge elke jaar erger word gaan die Minister van Lande op jagtogte in die Kalahari en sit ons verteenwoordiger in die parlement party-propaganda en maak boonop sy mede-volksgenote aan die vyand uitlewer.

WORD NIE LID: Ierland sal nie aansoek doen om by die Verenigde Volke se Organisasie aan te sluit voordat die vredesverdrae nie klaar onderteken is nie. Hierdie besluit is deur De Valera, eerste minister van Ierland bekendgemaak. Hy het verklaar dat hy nog geen plan vir vrede sien nie, en dat die huidige organisasie uit die oogpunt van klein nasies nog meer onbevredigend is as die ou Volkebond.

ONDERSTEUN ONS BLAD


MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD


Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF




WAARDE VIR GELD

Boere Aandag!

BELLVILLE SUID VISSERYE

Vars en Soutvis. Plattelandse bestellings geniet voorkeur in Masbanker bokkems. Ons koop ook vars groente en boere-produkte. 5159-4

Smaak . . . .

. . . . . . een van die mees gevoeligste sintuie van die mens. Wat u smaak nou ook al mag wees, selfs die kieskeurigste sal hier tevredenheid vind EN DIT WORD GEWAARBORG!! Plaas 'n bestelling en oortuig uself.

P R Y S L Y S :

| | Per bottel in kissies van 12 bottel. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsy .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel .. | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | 10/6 |
| „Cocktail" .. .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROË WYNE: | | |
| Burgandy (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| BRANDEWYNE: | | |
| Eureka .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A. I. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |
| MOSKONFYT: | | |
| (Nie-Alkoholies) .. .. | 1/6 | (*7/- |

* Net in 4 gel. blikke.

VOORWAARDES:— Voeg by 20/- per vaatjie of 5/- per kissie met bottels en blik. Deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers spoorvrag betaald.

Rig u bestelling aan:—

VERKOOPS-AFDELING (D)

Excelsior Wynmakery

VLAKTEPLAAS-STASIE

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

180 Takke

SKILFERS



MOENIE U AANTREKLIKHEID BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van

VOORSLAG-SKILFERMIDDEL

4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK

Kerklaan — Kaapstad (1)

en MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

W. Voigt (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie

Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

ALGEMENE HANDELAAR en PRODUKTE-KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. Garcia- en Nuwestraat.

Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS


Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

R. W. van Ryn

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 3 JULIE 1946.

# TYDIGE BESLUIT

Die besluit van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie verlede week dat skoolgaande kinders, selfs van 'n hoë ouderdom, nie aan die partypolitiek moet deelneem nie, sal deur elke objektiewe persoon verwelkom word. Dat dit daarenteen 'n beroering in partypolitieke kringe veroorsaak het, is verstaanbaar. Die neiging het in die jongste tyd baie sterk by die politieke partye ontwikkel om hulle toe te spits op 'n „Catch-them-Young"- beleid. Tot so 'n mate is dit die geval dat elke party reeds 'n kinderparty het waar die lede geleer word om teen hul volksgenote in die ander kamp 'n stryd aan te bind tot die dood toe. *In baie gevalle besef die jeugdige lede nóg nie waaroor die verskilpunte dan eintlik gaan nie. Hulle erf maar net 'n haat teenoor ander volksgenote in wie hulle uiteindelik die verpersoonliking van alle aanstoot sien.* So sterk het die partypolitieke jag op kinders geword dat dit selfs in werking gestel word ten opsigte van immigrasie. *'n Politieke party aan bewind weier by voorbeeld om 5,000 Duitse wesies toe te laat omdat hulle dalk stemvee kan word vir die opposisieparty. Aan die ander kant voer hy vir homself 5,000 weeskinders in wat etlike honderde onassimileerbare Joodjies insluit.*

## TOTALE OORLOG

Met ander woorde, die woede van die partypolitiek het reeds dié omvang aangeneem, dat waar dit 'n tiental-jare gelede in ons land nog net tot die manlike volwassenes beperk was, dit nou al 'n totale oorlog geword het waarin man, vrou en kind gemobiliseer word vir onderlinge uitdelging.

Dit is dus slegs nugtere rede wanneer daar deur verantwoordelike mense buite die party-oorlog halt geroep word teen die proses van selfvernietiging.

Van partypolitieke kant word hierdie besluit afgekeur met die klag dat die arme jeug nou die voorreg ontsê word om inligting omtrent „landsake" te ontvang. Gelukkig sal die meeste onderwysers onbevooroordeeld genoeg wees om te kan onderskei tussen landsake en partypolitiek — vandaar dan natuurlik ook die besluit van die kongres.

Die partypolitiek is nie 'n noodsaaklike bedryf waarin ook „die minder mooie" voorkom, soos een koerant dit uitdruk nie; *dit is iets wat inherent verwerplik en — gelukkig — vervangbaar is.*

## LANDSAKE = KOMBERS

Partypolitiek is nie staatkunde of die beoefening van landsake nie. Dit is nie eens politiek in die ruimere sin van die woord nie. *Dit is die aksie wat uitgaan van die Britse parlementêre stelsel, wat op die stuitlike veronderstelling berus dat 'n volk alleen behoorlik geregeer kan word wanneer hy in 'n toestand van burgeroorlog verkeer.* Dit vereis dat daar 'n verdeling van jou volk in twee oorlogvoerende kampe moet wees wat wedywer om die staatsbewind. Elke vyf jaar word 'n slag gelewer — en elke dag van elke jaar word daar gedril, possisies ingeneem en skermutselings gevoer vir daardie groot kragmeting.

*Landsake vorm maar 'n baie klein en lastige afdeling van hierdie oorlogsbedrywigheid. Landsake kom maar net in die gedrang in sover dit as propaganda-stof met die oog op 'n verkiesing gebruik kan word. Inderdaad staan dit gelyk in waarde aan die paar skoene of kombers wat voor die stemdag deur die kandidaat uitgedeel word.*

Om dus te praat asof die jeug geestelike skade kan ly as hy van hierdie verderflike bedrywigheid weerhou word, openbaar 'n wanbegrip oor staatkunde wat die gevolg moet wees van reeds te lange skoling in die partypolitiek. En dan is dit sekerlik die proef van die som, wat slegs bewys hoe tydig die onderwysers se besluit gekom het.

# 'N SKANDAAL

Blykens die verrigtings van die Senaat het senator Shepstone kort voor die sluiting van die parlement gesê: „Dit is 'n skandaal dat naturelle-gevangenes vier tot vyf maande moet wag vanaf die tyd wat hulle ter strafsitting verwys word tot die dag waar hulle voor die hof gebring word."

Ons stem met die eerbare Senator saam.

Maar toe Afrikaners wat met sy regering in botsing gekom het nie net vyf maar v e e r t i e n maande lank sonder verhoor moes lê, toe het daar baie minder hoogedele here hulself laat hoor. Toe manne na ses maande se opsluiting sonder verhoor en selfs *sonder regsadvies* in die Johannesburgse Fort gehongerstaak het ten einde die regering te dwing om hulle eindelik en ten laaste aan te kla . . . . toe het regeringsenatore en -lede in onkunde of onverskilligheid geswyg.

Ons weet dat die edele Senator nie persoonlik verantwoordelik vir die skandaal teen die Afrikaners was nie. Ons wil hom net attent maak dat hierdie regering van hom van die een skandaal na die ander stap en dat die Kafferskandaal wat hulle gepleeg het, maar vyf-viertiendes van die Afrikanerskandaal was wat op ons mense se koppe geval het.

En nooit sal dit hulle aan die ander kant weer geluk om ons te vang met verontwaardigde gebare oor ‚liberalisme', ‚demokrasie' en die ‚onaanvegbare reg van die individu' nie. Ons hêt uit die ervarings van die laaste jaar of ses te veel geleer.

Nietemin het u reg, Senator; dit is 'n skandaal. Byna half so groot as die aanhoudende skandaal wat teen die O.B. en sy mense gepleeg is, jare lank.

# Bou die Staat op Organisasies Wat Onmisbaar Is

Dit spreek vanself dat eiebelang nooit heeltemal uitgeskakel of vernietig kan word nie. Want wat ons eiebelang noem, is tot 'n groot mate maar net die stryd om die behoud van die eie lewe — 'n natuurwet. Maar om eiebelang te laat hoogty vier — dit is iets heeltemal anders en dit is 'n vorm van liberalisme, wat tot die ondergang van die gemeenskap kan lei. **Die strewe moet dus wees om eiebelang binne geoorloofde perke te hou en dit so in te skakel in die volksbelang dat dit laasgenoemde kan bevorder.** Die Ossewabrandwag huldig daarom die spreuk: **Volksbelang voor Eiebelang!**

Dit is verstandig om die beroepe en bedrywe die kans te gee om hul eie huis in orde te bring, sonder inmenging van andere wat van die betrokke sake min of niks weet nie. Geriefshalwe sal ons maar hier praat van „beroepe" — of dit nou die advokate, die dokters, die landbou of mynbedryf, onderwysers, predikante of wat ook al mag wees.

As boere die boeresake moet reël en waar nodig die tug oor boere moet uitoefen — hetsy in verband met die oortreding van kwarantynregulasies (wat die boere dan ook self gemaak het) of van die verpakking van wol met verkeerde gewigte of wat ook al — dan sal alles beter en doetreffender geskied. Want dit raak in die eerste plek die belange van die omliggende boere as 'n besmetlike veesiekte versprei . . . maar dit raak ook die veestapel en die kosvoorrade van die land, d.w.s. van die ander volksgenote. En valse wolverpakking raak wel die hele uitvoerhandel van Suid-Afrika, maar in die eerste plek raak dit die wolboere van Suid-Afrika . . . en dit kan gerus aan hulle eie optrede oorgelaat word.

### VERSOENING

**Daarom sê ons dat dit baie verstandiger is om die reëling en seggenskap oor 'n bedryf se huishoudelike sake oor te laat, nie aan een of ander partyregering nie — en dit dikwels die alte verkeerde party! — maar veel liewer aan die gekose verteenwoordigers van die betrokke bedryf of beroep. Laat hulle die interne sake reël, met wetgewende en regsprekende mag binne die eie beroep of bedryf, en die land sal die versoening tussen intelligente eiebelang en die lewensnoodsaaklike volksbelang kry.**

Wat hier bepleit word, geld reeds tot 'n groot mate vir sekere beroepe, b.v. dokters, advokate, prokureurs. As een van hulle homself so gedra dat dit teen die reëls en belange van die professie — asook van die publiek wat deur daardie professie bedien moet word — indruis, dan tree die mediese raad, advokate-orde of wetsgenootskap teen die oortreder op.

### BEROEPSVERTEENWOORDIGING

Die Ossewabrandwag wil egter veel verder gaan as om net aan die beroepe in hul eie geledere vryer seggenskap te gee. Ons voel dat dit die volksbelang ook veel beter kan dien as die georganiseerde beroepe regstreeks in die staatstruktuur ingeskakel word, in die wetgewing deur regstreekse verteenwoordiging en ook in die Rade of Korporasies, waarop die landsregering gevestig moet wees.

Laat ons eers die een aspek neem wat ons insiens onvermydelik hierdie direkte verteenwoordiging moet bring: naamlik die partylose staat wat ons bepleit. As ons sê. „Skaf die partye af!" dan sal die kritiese leser dadelik vra: „Maar wat gaan julle in die plek daarvan stel?"

Ons wil antwoord dat (a) die partystelsel in elk geval kunsmatig en uitheems is en dat ons vir 'n geruime tyd daarsonder klaar gekom het, en (b) dat mens partye kan afskaf sonder dat die staat of die wêreld tot stilstand hoef te kom.

### REEDS AFGESKAF

Inderdaad het ons die voorbeeld uit ons eie geskiedenis dat die twee sterkste partye waarmee ons die Unie van Suid-Afrika begin het, ontbind is en vandag nie meer bestaan nie. Sowel die ou Suid-Afrikaanse Party van genls. Botha, Hertzog, Smuts, mnre. F. S. Malan en Abraham Fischer en andere, asook die tweede sterkste party van destyds, die amptelike opposisie, of Unioniste Party onder dr. Thomas Smartt en mnr. Patrick Duncan, het verdwyn. Selfs die ou Nasionale Party van 1914—1939 het verdwyn en moes plek maak vir die H.N.P. of V.P. van vandag.

**Met andere woorde nie net KAN jy partye afskaf nie, maar ons volk HET aldrie die historiese partye, waarmee ons hierdie staat begin het, afgeskaf. Onmisbaar was hulle nie!**

**Maar, sê die Ossewabrandwag, daar is ander organisasies — naamlik die organiese beroepe en bedrywe — in elke volk wat jy nie kan afskaf nie tensy die volk selfmoord pleeg.**

### VOORBEELD

Kom ons neem een voorbeeld wat naby aan die Afrikanerhart lê: Partye kan jy wel afskaf, maar boere kan jy nie afskaf nie. Dit maak nie saak watter volk dit is nie, want die boere produseer die kos waarvan die volk moet leef.

Maar deur boerdery alleen kan die volk ook nie leef nie. Want hoe gaan die kos wat die boere produseer op die tafel van die mynwerker of die onderwyser of wie ookal kom, as laasgenoemde dit nie kan koop nie?

Met ander woorde, **nie net moet daar produsente wees nie maar daar moet ook die distribusie van hul produkte wees — daar moet ook handel wees.**

En hoe kan die boer kos produseer — mielies by voorbeeld — as hy nie ploeë en egge en planters en ander gereedskap het nie? **Met ander woorde**, daar moet ook nywerhede wees, staal- en tekstiel- en leer- en meubelfabrieke en ander

En dokters moet daar wees en regsadviseurs en — om die kinders vir die vereistes van die lewe te bekwaam — onderwysers en tegniese skole en baie ander beroepe.

**Hierdie beroepe is lewensnoodsaaklik. Waarom kan die staat nie op hulle rus nie in plaas van kunsmatige en wisselende partye?**

In ons volgende hoofstuk hieroor meer.

## O.B.-Beleid

## Prof. Wiid

**Prof. dr. J. A. Wiid sal vir 'n paar maande afwesig wees met verlof. In die plek van sy buitelandse oorsig sal so ver moontlik artikels oor O.B.-beleid geplaas word.**

## Amptenare Tref Maatreëls

**'n Noodkongres van die voorsitters van seksies en distrikte van die Vereniging van Staatsamptenare met die doel om te organiseer en verdere optrede te oorweeg vir die verkryging van beter toestande in die staatsdiens, is verlede week in Pretoria gehou.**

Daar is besluit om 'n „stryd-fonds" in die lewe te roep deur een persent van alle lede se salarisse in die fonds te stort. Die goedkeuring van die lede sal gevra word. Daar is voorts besluit tot 'n program van aksie, wat in die eerste plek daaruit sal bestaan om 'n afvaardiging na die betrokke Minister of desnoods Eerste Minister te stuur met die versoeke van die amptenare.

Tweedens sal gevra word dat 'n buitengewone vergadering van die Adviesraad die voorstelle van die vereniging moet oorweeg. Die Adviesraad sal ook gevra word om onder die aandag van die owerheid te bring dat die amptenare van mening is dat die bespreking van die raad baie min, indien enige, oorweging van die owerheid geniet. As laaste stap, indien daar niks bereik word nie, sal 'n referendum van die lede van die vereniging gehou word om te bepaal wat gedoen sal word.

## Kennisgewing

### AAN INTEKENARE EN ADVERTEERDERS

***Aangesien die Advertensie- en Sirkulasie-afdelings van „Die O.B." na Stellenbosch oorgeplaas is, word intekenare en adverteerders vriendelik versoek om asseblief voortaan alle korrespondensie in verband met intekening en advertensies na POSBUS 28, STELLENBOSCH, te adresseer.***

***Die Hoofkantoor van Voorslag (Edms.) Bpk. bly nog te Groote Kerkgebou 703, Kaapstad, gevestig.***

# Vat Net Lekker „Jobs" Sê Nie-Blankes Uit Leër

**Die demobilisasie van die kleurling- en naturelle-soldate wat gedurende die oorlog op aktiewe diens in die Noorde was, is 'n probleem waarmee die regering en die demobilisasie-amptenare met die hande in die hare sit. Elke dag keer kleurlinge en naturelle wat reeds aan werk gehelp en uit die leër ontslaan is, na die kantoor terug en sê dat hulle nie van die werk hou wat aan hulle gegee is nie.**

Amptenare van die demobilisasie-kantoor in Kaapstad het aan Die O.B. meegedeel dat die stroom wat terugkeer en kom kla, byna ongelooflik is. Dit het al gebeur dat dieselfde persone twee keer binne veertien dae terugkeer en verklaar dat hulle ander werk wil hê. Sodra hulle moeilikheid met die werk ondervind, word dit eenvoudig gelos. Sommige laat die werk vaar sonder dit in oorleg met die demobilisasie-offisier te doen. Verklaar word dat die kleurlinge nie angstig is om gedemobiliseer te word nie. **Dit is vir hulle baie meer betalend om in die oorgangstadium van die militêre tot die burgerlike lewe te bly. Sodra hulle uit hul werk raak, ontvang hulle 'n toelaag wat wissel van £1 tot £2-10-0 per week uit die Goewerneur-Generaal se Oorlogsfonds.**

'n Groot deel van hierdie geld word op drank verspil. Solank as hulle hul beurt by die demobilisasie-kantoor afwag om weer in werk geplaas te word, smokkel hulle drank in die gebou in en word daar gedrink. Militêre polisie wat voor die gebou op diens is, moet daagliks dronk kleurlinge uit die gebou verwyder. Etlikes is betrap dat hulle drank onder mekaar teen wins verkoop. Dit het so'n omvang aangeneem dat geen kleurling met 'n pakkie of koffer tans binne die gebou toegelaat word nie.

### WEDERREGTELIK

**In sommige gevalle word die toelaag wederregtelik uitbetaal. 'n Nie-blanke vrou het kom aanmeld dat haar man elke week sy toelaag by die kantoor gaan haal, nieteenstaande die feit dat hy reeds werk het. Sy het die amptenare versoek om nie die geld uit te betaal nie, omdat hy reeds werk het en omdat hy die geld wat hy van die demobilisasiekantoor ontvang, vir drank gebruik.**

Die algemene klagte van die kleurlinge en naturelle wat weier om die werk wat aan hulle verskaf word te aanvaar, is dat hulle nie met die lone wat aan hulle betaal word, kan uitkom nie en dat die werk wat hulle moet doen, te swaar is. Hulle verdien gemiddeld drie pond per week.

Die houding van die nie-blanke soldate teenoor die demobilisasie en die werk wat aan hulle gegee is, word weerspieël in die woorde en houding wat een van hierdie soldate teen 'n verteenwoordiger van Die O.B. ingeneem het: **„Die regering het voor die oorlog beloof om vir ons te sorg. Ons het goeie en lekker „jobs" gedurende die oorlog gehad en ons wil nou die werk hê waarvoor ons lus het".**

Toe die regering etlike jare gelede begin het om kleurlinge en naturelle vir aktiewe diens te werf en selfs so ver gegaan het om gewere in hulle hande te stop, het hy nie nagedink oor die sosiale gevolge wat dit sal meebring nie.

# Uit Die Week se Nuus

**„GOD SAVE THE KING".— 'n Duitse geneesheer is deur 'n militêre hof in Duitsland tot een jaar gevangenisstraf veroordeel omdat hy nie opgestaan het onder die speel van die Britse volkslied in 'n konsert nie. Hy is aangekla van oneerbiedige gedrag. Sy eggenote en skoonmoeder wat ook nie opgestaan het nie, is beboet.**

**DOODSTRAF VERSAG:** Die doodstraf van Raymond Attwood, 'n gewese lid van die Britse polisiemag in Palestina wat skuldig bevind is van moord op twee blankes van Potgietersrust, is deur die regering versag tot lewenslange gevangenisstraf.

Dit is die tweede geval binne die afgelope paar jaar dat die doodvonnis versag word ten opsigte van Britte in Suid-Afrika. Die vorige geval was dié van 'n Britse soldaat, Bernard Smith, wat 'n elfjarige dogtertjie van Durban gedurende die oorlog vermoor het. Die Minister van Justisie het dit toe genoem 'n bewys van dankbaarheid teenoor Brittanje.

**BRUIKLEEN-EIS NOU MINDER:** Die Amerikaanse regering het bekendgemaak dat die Unie sowat £40,000,000 sal moet opdok vir bruikleengoedere. Amerika het die vorige eis op £75 miljoen gestel. Die Unie was bereid om £12,000,000 te betaal.

**NATURELLE STAAK:** Twaalf honderd naturelle van die Union Steel Corporation by Vereeniging het verlede week begin staak. Hulle het 'n loonsverhoging van 2d. per uur geëis.

**SALARISSE VERHOOG:** Die regering sal versoek word om die salarisse van die Administrateur van Kaapland en die toelae van die Uitvoerende Komitee en lede van die Raad van Kaapland te verhoog. Indien dit gedoen word, sal die Administrateur £3,000 in plaas van £2,500 per jaar ontvang. Lede van die Provinsiale Raad sal dan £350 per jaar ontvang en lede van die U.K. £1,000 per jaar.

**SIMBOLIES?:** Die Amerikaanse blad Life bevat 'n foto uit die gebombardeerde Japanse stad Nagasaki met die byskrif: „'n Kop van Christus uit klip, wat deur die atoombom oor Nagasaki van sy voetstuk geruk is, lê voor die bouval van 'n Rooms-Katolieke katedraal."

**CONROY VERLOOR GEDING:** Sen. A. M. Conroy, Minister van Lande, het die saak waarin hy £10,000 skadevergoeding van die Stewart Printing Company geëis het as gevolg van beweerde laster, verloor. Die lastergeding spruit voort uit bewerings in die boek van Lindsay Smith, „Behind the Press in South Africa". Die koste van die geding moet deur sen. Conroy betaal word.

**ENGELAND RANTSOENEER BROOD:** Die Britse regering het aangekondig dat brood en meel van 21 Julie af in Engeland gerantsoeneer sal word. Elke volwasse persoon sal nege onse brood per dag ontvang. Manlike hande-arbeiders sal 15 onse ontvang.

**LAASTE VAN „OORLOGSMISDADIGERS":** In die Neurenbergse wraakhof is die laaste van die 21 Duitse leiers wat aangekla word as „misdadigers" onder kruisverhoor geneem. Dit was Hans Fritzshe, radiohoof van Göbbels se departement.

**MOEG VIR JODE:** Die anti-Joodse gevoel is vinnig besig om toe te neem in Pole. 'n Lid van die Amerikaanse hoofkwartier in Duitsland het tot hierdie gevolgtrekking gekom na samesprekings wat hy gehad het met honderde vlugtelinge. Na hy verklaar is die Poolse regering gekant teen Jodevervolging maar hulle is nie in staat om dit te voorkom nie.


# Maleise Pelgrims

'n Dertigtal Maleise pelgrims het verlede week uit Kaapstad met die trein vertrek na Durban waar hulle skeep sal gaan vir Mekka.

Omtrent 'n maand nadat hulle Kaapstad verlaat het, kom hulle in Mekka aan.

Die enkelreis soontoe kos die pelgrim omtrent £47. Gewoonlik vertoef hulle 'n jaar in Mekka waar hulle gehuisves word deur familie of vriende of goedgesinde inwoners. Die koste van die jaar se verblyf bedra omtrent £300, as alles ingesluit word.

Volgens tradisie moet hierdie koste gedek word deur swaarverdiende geld. 'n Pelgrim mag nie geld leen of steel vir hierdie doel nie. Die heiligheid van die tog na Mekka mag op geen manier geskend word nie.


*DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.*

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIE-KURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ..........

ADRES ..........

Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ..........

Kursus waarin u belangstel ..........

(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoelstiek, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

*Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg*

TOT U DIENS . . .

**Geldenhuys Ingenieurswerke**

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

**Wynnestraat 13 — PAROW**

**Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).**

*Dameshoede . . .*

VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL PAROW

# VOLKSMOTORS BEPERK

GOUDAANDELE IS 'N SPEKULASIE ! !
MOTORAANDELE IS 'N VERSTANDIGE BELEGGING ! !

£97,200,000 VIR MOTORHANDEL

**Die geraamde aanvraag vir motors in Suid-Afrika alleen is nagenoeg 243,000 en teen 'n gemiddelde verkoopprys van £400 elk beloop dit 'n totale bedrag van £97,200,000.**

PRESTASIE VAN VOLKSMOTORS BEPERK

**148 GARAGES MET 'N GESAMENTLIKE KAPITAAL VAN £211,000 IS REEDS AANDEELHOUERS IN VOLKSMOTORS BEPERK.**

Etlike duisende motoreienaars (potensiële kopers van motors) is aandeelhouers in VOLKSMOTORS BEPERK.

VOLKSMOTORS BEPERK beskik reeds oor drie geregistreerde filiaal-maatskappye en 4 takke.

VOLKSMOTORS BEPERK het die beherende aandele in groot Motorgarages wat die alleen-agentskappe van bekende Amerikaanse motors het.

VOLKSMOTORS BEPERK het deur sy Geaffilieerde Maatskappye die eerste groot 1946-model Amerikaanse motors in die Vrystaat verkoop.

Een van VOLKSMOTORS BEPERK se filiaal-maatskappye dra die hoofagentskap in die O.V.S. van een van die bekendste Amerikaanse ligte vliegtuie.

VOLKSMOTORS BEPERK distribueer trekkers, motorfietse, garage-toerusting, onderdele, bande, huishoudelike elektriese toestelle, ens.

VOLKSMOTORS BEPERK verwag groot besendings en sal kan voorsien in die buitengewone groot aanvraag vir motors.

NOMINALE KAPITAAL £500,000

**125,000 Pari-aandele van een pond elk word kragtens die prospektus aangebied wat by die Sekretaris verkrygbaar is, en word verkoop tot op 30 September 1946.**

**Hierdie advertensie is nie 'n prospektus nie, nòg 'n aanbieding om te verkoop, nòg 'n versoek aan die publiek om in te skrywe vir aandele, maar is alleenlik gepubliseer vir algemene bekendmaking.**

**Aansoeke sal alleen ontvang word op die aansoekvorms wat aan die Prospektus geheg is**

Skrywe om Prospektus:

DIE SEKRETARIS,
VOLKSMOTORS BEPERK,
Posbus 871,
BLOEMFONTEIN.

# Lees Hier ! !

**„Die O.B." se geklassifiseerde kolomme geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B." is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig uself. U bereik tienduisende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.**

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekengeld aan:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 28, Stellenbosch.

## GEBOORTE

STEENKAMP. — Aan Komdt. en Komdte. Jan Steenkamp, Williston, 'n fris O.B.-seun op 19 Junie. Naas God dank aan verpleegster en dokter. 7369-B

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## BETREKKING VAKANT

ONDERWYSER(ES). — Gowt. Ondersteunde skool, Langverwacht. Vanaf 1 Augustus; klasse 1 — Std. VI. Salaris volgens Gowt. skaal. Stuur afskrifte van getuigskrifte: Die Sekretaris, Langverwacht Skool, P.K. N'gome, oor Vryheid. 26/6/3/B

## BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELMOERE. — Uit die onoortreflike Gamtoos-Vallei, Oos-Kaapland — direk van die kweker. Arran Chief, Irish Coblers, Royal Kidney en Arran Barmer. Eiergrootte en effens groter 35/- per sak, bestelling van 10 sakke en meer. Kleiner getalle 37/6. Okkerneut-grootte 30/- per sak, 10 sakke en meer. Kleiner getalle 32/6. Slegs K.M.B. van J. W. FERREIRA, Pk. Armansvriend, oor Patensie-stasie. 5157-3

AARTAPPELMOERE EN TAFEL-AARTAPPELS. — Mooi gesonde Arran Chief aartappelmoere. Eiergrootte 34/-, groter 32/-. Graad I tafelaartappels 30/-, 153 pd.-sakke, op Petrusburg-stasie gelewer. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, Pk. Petrusburg. 5162

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Egiptiese Plat Beet, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. Handels-navrae verwelkom! — KAROO SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE. — Die gevierde „Kersfees Elberta"; profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die huisboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugtebome. ROSE van bekoorlike prag in kleurryke sorterings. Pryslyste vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

TAFELAARTAPPELS. — Heerlike vars tafelaartappels teen 32/-. Effens deur miet beskadig 30/- per sak 153 pond. V.O.S. Fouriesburgstasie. Tevredenheid gewaarborg. J. J. F. STEYN, Jnr., STEYNSBURG, Fouriesburgstasie, O.V.S. 26/6/3/B

Voorkom die vernietiging van u kosbare boord deur u Vrugtebome hierdie winter te spuit met HERHOLDT SE HORTOIL, die mees ekonomiese en sekerste dood vir alle Skaalpeste, Rooi Spinnekoppe en Australiese Wolluise, ens. 1 gel. Hortoil maak 35 gels. spuitstof. 9/6 per gel.; 4 gels. teen 35/-; 45-gelling dromme teen 7/6 per gelling. Kontant met bestelling. HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. (b)

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, Durban. 7207/4/B

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoed, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie. — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by eie nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

SKOENE EN SKOENREPARASIES. —Probeer C. SAAYMAN vir Dopper Velskoene en ALLE Skoenreparasies. Die modernste masjinerie pas geïnstalleer. — Adderleystraat 99, OUDTSHOORN.

TRANSPORTDIENS. — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweiwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## PLUIMVEE

PUIK KUIKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

PLUIMVEE. — Era Pluimveeplaas bied aan: Opregte B.W.D. en Tifusvry Dagoud R.I.R.- en W.L. Kuikens, teen £6 per 100. Beperkte hoeveelhede teen £10 per honderd. 25 jaar ondervinding. — E. R. ADCOCK, Bus 1134, Pretoria. 3/7/4/B

## MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton geneem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

## MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

## TE KOOP


BRANDHOUT. — Blokke van 12 dm. lank; gekloof £12-10-0, ongekloof £11-10-0 per trok met 5 stapels. Langlengtes £10-10-0 per trok gepak van 5 tot 6 vt. hoog. Gelewer V.O.S. Wolseley. Skryf aan mnr. L. J. BÜLDT, Meulestraat, WOLSELEY. Foon 24. 5173-5

FRIESBUL. — 5 jaar oud, „Colonies Plaats Roos Paul III". Vader: Grietjes Paul 13432 (ingevoer). Moeder: C. P. Roos 19389/11 met 14,000 pd. melk, 3.4 pst. bottervet. Hierdie bul is van hoogstaande gehalte en in goeie kondisie. Rede van verkoop: inteling. Prys £115 v.o.s. Nevada-sylyn. — J. J. SWANEPOEL, Daspoort, P.k. Nevada, oor Bloemfontein. Telegr.: Dewetsdorp. 5175

GEREGISTREERDE AFRIKANER-BEESTE en RYPERDE. — 10 Geregistreerde Afrikaner koeie gedek deur bul wat £250 kos. Gemiddeld ses jaar oud. 25 Ongeregistreerde Afrikaner koeie gedek deur bul wat £200 kos, gemiddeld ses jaar oud. Geregistreerde en ongeregistreerde Afrikaner bulletjies, twee jaar, goedgekeurde subsidie, geteel uit bogemelde bulle. Geregistreerde vyfgang ryperd, hings, 4½ jaar oud, goeie toestand, besonder mak, sterk gebou, 15½ hande hoog, gee mooi vullens. Besonderhede by HAARHOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET. 5170-2

HEERLIKE BOSSIETEE, eersteklas kwaliteit. 100 pond 35/-; 50 pond 18/6; 25 pond 10/-, v.o.s. ons stasie. 10 pond pakkette 6/- posvry Uniestasies. MELVILLE BROERS, HUMANSDORP.

# DESPATCH SE JEUG



Die Boerejeug onder leiding van jeugkomdt. H. Truter hys die vlag tydens Vryheidsdagviering op Despatch.

# Gevare van Buite en Binne vir S.A.

**In November 1945 het die K.G. gewaarsku dat as Asiatiese agitasie in Suid-Afrika sy kop uitsteek, dit deur die buiteland gesteun sou word. Ons het reeds 'n voorsmaak gehad van Indiese inmenging in ons binnelandse aangeleenthede.**

**Volgens die Kommunistiese blad „Guardian" word daar 'n agitasie in Amerika van stapel gestuur waar beswaar gemaak word teen die behandeling van nie-blankes in Suid-Afrika. Daar is sprake dat die kwessie voor die V.V.O. gesleep sal word.** Selfs Eleanor Roosevelt, weduwee van die voormalige Amerikaanse President, word in hierdie uiters geklike agitasie ingetrek. Smuts sou dan gesê het dat hy blanke baasskap in Suid-Afrika sou bestendig.

Weereens inmenging in Suid-Afrikaanse binnelandse aangeleenthede — hierdie keer deur Amerikaanse negers. Wat gaan die uiteinde wees?

Van buite word ons bedreig deur nie-blanke agitasies wat die ondergang van die Afrikaanse Blankedom wil bewerkstellig. Van binne vind ons dat dieselfde doelstellings deur die Kommuniste hier verkondig word. Ten spyte van dit alles is daar nog 'n gevaar wat selde of ooit die aandag van die lesende publiek geniet — 'n gevaar wat baie grond gewen het, en deur onsself geskep is. Hierdie gevaar heet — geboortebeperking en alles wat daarmee gepaard gaan.

### GEBOORTEBEPERKING

Die hoë sterftesyfer van vrouens en kinders in die konsentrasiekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het ons volk 'n geweldige nekslag besorg. Ten spyte hiervan was die geboortesyfer in 1904 hoër as nou. Toe word die volk deur die griep getref in 1918, nadat Suid-Afrika 'n oorlog moes gaan help wen het vir die instandhouding van 'n „Empaaier" wat „beskerming" aan klein nasies wou verleen.

Gedurende die jare 1904—1936 is ons jeug besnoei met plus-minus een uit vyf. Daarenteen het ons aantal bejaardes meer as verdubbel. Hoewel hierdie toestand van sake 'n chaotiese sosiaal-ekenomiese toestand teweeg gaan bring, word daar van oorbevolking gepraat en geboorte-beperking strenger tegepas.

In 1904 is deur elke 1,000 gehude vroue die lewe geskenk aan plus-minus 280 kinders — in 1940 plus-minus 180.

Ten spyte van die feit dat hulle onder dieselfde ekonomiese omstandighede, selfs swakker ekonomiese toestande leef, en ten spyte van hul hoë sterftesyfer is die geboortesyfer onder die nie-blankes aan die styg. Die blanke geboortesyfer is aan die daal. **By 'n onlangse telling in Durban was die geboortesyfer van Asiate 2½ maal en naturelle meer as 3 maal so groot as dié van die blankes.**

'n Lewenskragtige volk besit 'n sterk, bloeiende jeug. 'n Sterk bloeiende jeug beteken 'n verbetering in ons sosiaal-ekonomiese toestande, maar daarvoor is nodig 'n sosialistiese volksregering.

**PERMANENTE LUGDIENS:** Die toetsvlug tussen die Unie en Londen en weer terug, wat deur die „Tafelberg", een van die Spoorweë se Skymaster-vliegtuie uitgevoer is, was so geslaagd dat daar nou 'n gereelde diens tussen die Unie en Londen ingestel sal word. Die eerste lugreus het op 1 Julie vir sy eerste gereelde vlug vertrek.

PERDEKAR in eersteklas toestand, nuut geverf, met motorvere, tevredenheid gewaarborg. Slegs £20-10-0. Asook 'n paar swaar tuie, nog in goeie werkende toestand, sonder tooms teen £4-15-0. C. F. NEL, Karino. 71130/3/B

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TUIE. — Vir eersteklas kar- asook spanne muil- en donkietuie, riempienaat en gebreide Malmesbury-leer (alles handwerk) raadpleeg: S. J. VAN RENSBURG, Adderleystraat 107, Oudtshoorn.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

# Boerejeug Verkoop Die O.B. op Straat

Met die verkoop van Die O.B. in die strate van Kaapstad het die Boerejeug van die Skiereiland verlede week geskiedenis gemaak. Dit was die eerste keer dat Die O.B. op georganiseerde wyse sy verskyning op straat gemaak het. Die blad het so vinnig verkoop dat alle voorrade in die kantoor spoedig uitverkoop was en nog meer bestel moes word.

In die verlede het alle pogings om die blad deur middel van private- en Spoorweg-boekwinkels en verspreidingsagentskappe te laat versprei, onsuksesvol geblyk. Die Spoorwegboekwinkels wat nie bereid is om Die O.B. te verkoop nie in opdrag van die Minister, verkoop verskeie kommunistiese blaaie, o.a. The Guardian.

Die Boerejeug van A2 wat verantwoordelik is vir die verkoop van die blad, het reeds £48 met hulle funksies ingesamel vir 8 Augustus. Die geld wat hulle met die verkoop van die blad maak, stort hulle ook in hierdie fonds.

Dit was besonder opvallend in watter gees die publiek die blad gekoop het. Etlike persone het geweier om hul kleingeld te neem.

# Funksies

## ETE OP 11 JULIE

Die Steenberg-vrouekommando bedien op Donderdag, 11 Julie, gedurende die etensuur 'n ligte maaltyd in die O.B.-Vriendskapsentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou, en nie in die Komiteekamer soos in die vorige uitgawe vermeld is nie. Die fondse wat ingesamel word gaan vir 8 Augustus.

## 12 JULIE

Ons hou daarvan om 'n gesellige aand deur te bring; ons hou daarvan om te lag; die meeste van ons hou van musiek; en ons hou sekerlik almal van lekker Boerekoffie!

Dit alles word aangebied by 'n gesellige aand wat op VRYDAG, 12 JULIE, om 7 uur in die Komiteekamer, Groote Kerkgebou, gehou word deur die Vrouekommando (A1a6) Kaapstad-Sentraal.

Daar sal musiek, speletjies, wedstryde, koffie en lekkernye wees, en almal is velkom. Die opbrengs gaan vir 8 Augustus.


**A A N K O N D I G I N G !**
**Weens haglike droogte-omstandighede is dit onmoontlik om 'n laertrek in Natal te reël.**
Gebiedsleier
C. A. PIENAAR.
5164/3

# Kennisgewing

Ondergetekende maak hierby bekend dat hy as Direkteur van Die Kopersbond Beperk bedank het.
JAN H. PIENAAR.
21 Mei 1946.


**Stowwe Stowwe**
*SOOS MIN vir MANS*
*gemaak deur*
*'N SNYER SOOS MIN*
**VAN ZYLS**
*Hoofweg — PAARL*

# Italië Word Republiek




Die Italiaanse volk het met 'n meerderheid van nagenoeg 2,0 00,000 vir 'n republiek gestem. Die uitslag is begroet met tonele soos hierbo.

# Werkers Onder Septer van Betaalde Amptenaer

**Die huidige ontevredenheid onder die mynwerkers aan die Rand is in geen geringe mate te wyte aan die gedrag van mnr. B. B. Brodrick, voormalige hoofsekretaris van die Mynwerkersbond nie, is die bevinding van die kommissie van ondersoek wat verlede week sy verslag voor die Minister van Arbeid gelê het.**

**Die uitvoerende komitee en die algemene raad van die bond is ook nie vry te spreek nie, omdat hulle 'n betaalde amptenaar van die bond toegelaat het om die bond te oorheers, aldus die verslag.**

Die kommissie beveel in hul verslag verskillende hervormings van die bond aan. Die bond se konstitusie is in baie opsigte gebrekkig, en deur dit te wysig hoop die kommissie dat daar meer mag in die hande van die lede van die bond geplaas sal word. **Uit die getuienis het geblyk dat die konstitusie van 1942 deur min van die beamptes en nie deur een van die gewone lede van die bond gesien is nie.** Volgens die getuienis van mnr. Brodrick wou die papierkontroleur nie verlof toestaan om publikasie moontlik te maak nie.

Die 29 getuies voor die kommissie het blykbaar almal 'n bitter gevoel teen die uitvoerende komitee en die beamptes van die bond gehad en veral teen die hoofsekretaris, verklaar die kommissie.

### LEDEGELD

Daar is veral beswaar teen die metode waarvolgens van die ledegeld boek gehou is, en die afwesigheid van amptelike inligting aangaande die inkomste en uitgawes ten opsigte van plaasbedrywighede en die behuisingskema van die bond. Daar is verder beswaar gemaak teen die optrede van die uitvoerende komitee, die aanstelling en salarisskale van amptenare en die hooghartige optrede van die hoofsekretaris, die uitvoerende komitee en die betaalde amptenare, terwyl die lede van die bond alle seggenskap ontsê is.

### SALARIS

**Die hoofsekretaris se salaris was £100, waarby nog die volgende toelae gekom het: Onthaaltoelae, £20; petroltoelae vir plase, £20; pertoltoelae vir organisasie £12 10s.; motortoelae, £6; lewenskostetoelae, £6 5s. Die totale bedrag wat hy per maand ontvang het, was dus £164 15s.**

Die bond se bankrekening was van so 'n aard dat dit in September 1945 vir die grootste deel oortrokke was.

Die kommissie het die besluit om mnr. Brodrick af te dank, goedgekeur, en die kwessie van vergoeding word tans ondersoek. Die kommissie het bevind dat die kwaaie gevoel van die mynwerkers teenoor mnr. Brodrick veroorsaak is deur sy onmanierlike optrede teenoor hulle en sy agressiewe houding. „'n Mens kan vra waarom die hoofsekretaris toegelaat is om hierdie metodes te volg," aldus die verslag.

### DIKTATUUR

**Uit die bevindings van die kommissie is dit duidelik dat die vakbondwese soos hy tot vandag ontwikkel het, nie meer in belang van die werkers neig nie. Dit dreig om die werker, wat hom juis georganiseer het teen die uitbuiting van die kapitalistiese base al spoedig uit te lewer aan 'n nuwe baas — sy betaalde amptenare wat teen buitengewone salarisse werk en op diktatoriese en selfs aanstootlike wyse, die septer oor duisende hardwerkende mense swaai.**

Die feit dat 'n amptenaar kan durf om so 'n houding teenoor die lede van 'n vakbond in te neem, en dat hy slegs na 'n algemene staking onthef kan word, is 'n belangrike aanduiding van die verval van die vakbondwese.

**Dit is nodig dat die hele vakbondwese deeglik ondersoek word. Wat in die Mynwerkersbond plaasgevind het, is moontlik net 'n weerspieëling van wat in ander vakbonde aan die gang is.**

# 6,000 Ton Sement Uitgevoer: Huise Kom nie Klaar

**Die beperktheid van boumateriaal het tans so 'n omvang aangeneem dat sommige werkgewers as gevolg van die vertraging wat dit in hulle bouwerk meebring, dit gerade ag om van die werknemers te ontslaan. Hierdie lot tref sowel kleurling- as blanke werkers in die boubedryf.**

Bouaannemers het Die O.B. meegedeel dat hulle dit besonder moeilik vind om hout, sinkplate en sement te bekom.

As jy nie 'n goeie naam by die handelaars in boumateriaal het nie, is ons meegedeel, is jou kanse baie skraal om in die hande te kry wat jy wil hê. Dit gaan alles met gunste en gawes.

Dit is opvallend dat die materiaal wat vandag die moeilikste is om te verkry, dié soorte is waarvan die regering die meeste uitgevoer het. **Volgens die Minister van Volkswelsyn in die parlement bekend gemaak het, het die Unie sedert 1940 tot verlede jaar in Junie 626,272 ton sement uitgevoer. In dieselfde tydperk is daar 161,861 sentenaar sink en ander boumateriaal ter waarde van £491,792 uitgevoer. Onderwyl sink en sement uitgevoer is, het honderde gesinne in motorhuise en tente gebly en kon bouers nie permitte kry om te bou nie.**

### VIR REISIES

Verder het die regering in hierdie noodtoestand aan nie minder nie as twaalf honde- en perdewedren-verenigings boupermitte uitgereik om geboue op te trek.

In Pretoria, Kaapstad en die ander stede van die land groei die aantal aansoeke om huise te huur by die betrokke kontroleur by die dag aan. **Persone in Kaapstad wat hul name in die eerste week, toe die skema in werking getree het, by die kontroleur ingegee het, sit nog steeds sonder 'n woning. Toe hulle onlangs gaan verneem het wat die moontlikhede is om 'n woonstel of huis te bekom, moes hulle verneem dat daar vir hierdie jaar geen hoop bestaan nie.**

# Ellende In Europa

**In die meeste Europese lande is die kindersterfte tans 40 persent. In sommige plekke word pasgebore kinders in koerantpapier toegedraai weens gebrek aan kleding. In die Italiaanse stede Rome, Napels en Milaan is daar 180,000 dakiose kinders en 100,000 oorlogswese.**

Die mense in Budapest (Hongarye) leef op 600 kalorieë per dag — minder as die rantsoen van Belsen. Dit is die verhaal van verhongering, verwoesting en ellende in Europa wat in 'n verslag van die gesamentlike noodlenigingskommissie van die Internasionale Rooikruis bekend gemaak word.

In Frankryk, Bulgarye en Roemenië wissel die voedselrantsoene tussen 1,500 en 2,000 kalorieë per dag. In die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland is die daaglikse rantsoen 1,300 kalorieë, terwyl dit in die orige deel van Duitsland 1,000 kalorieë is.

In die Britse gebied is 60 persent van die geboue verniel. In Oostenryk het die beestapel met 70 persent en die varkstapel met 90 persent verminder. Die graanoes sal vanjaar sowat 70 persent van die normale wees.

# *Nuwe Kommando's In Waterberg*

**WATERBERG. — Met die medewerking van ons Gebiedskantoor en genl. P. P. J. van Rensburg het hfkomdt. F. J. D. Jacobs daarin geslaag om vier kommando's op die been te kry waar daar altyd net twee was.** Die laaste Kommandoraad is saamgestel deur hom en genl. Van Rensburg op 21 Junie in die Bosveld, wat vir die afgelope vier jaar alle kontak met die Organisasie verloor het. Die offisiere was verbaas oor die gees wat daar nog heers vir die Volksbeweging. Daar is in geslaag om 'n puik Kommandoraad saam te stel uit ywerige manne, en groot verwagtings word van daardie Kommando gekoester. Elke offisier wat aangestel word, besef dat dit sy duurste plig is om al sy gewig in die hierdie Volksaak te gooi.

Die Hoofkommandant wil sy waardering uitspreek aan diegene wat hom behulpsaam was met die opknapping van die organisasie in Hoofkommandantskap F2a.—(Ingestuur.)

# Middelburg Stig Nog 'n Kommando

MIDDELBURG (Tvl.) — Op 8 Junie het die offisiere (manne en vroue) van hierdie kommandoraad 'n vergadering bygewoon by die huis van mnr. C. J. Joubert, op die plaas Uitkyk, met die doel om nog 'n kommando te stig. **Die vergadering was 'n groot sukses en 'n flukse manne- en vroue-kommandoraad is op die been gebring.**

Genl. Piet Bosman het as voorsitter opgetree en hoofkommandant C. M. Smith as sekretaris.

Oom Piet het in sy besielende toespraak o.a. daarop gewys dat Gebied F8 nou sewe kommandantskappe besit, en daarop gewys dat die Ossewabrandwag nie 'n gemaakte iets is nie, maar 'n beweging wat kom uit die harte van die volk self.

„Ons verkeer in 'n stik-duistere nag", het Oom Piet gesê, „wat net te wyte is aan twis en tweedrag, wat op sy beurt weer die gevolg is van ons uitheemse partypolitieke parlementêre stelsel, wat dit onmoontlik maak vir ons om 'n republiek te kry".

Vir die manne-kommandoraad is mnr. C. J. Joubert aangestel as kommandant en mev. B. J. Kotzé is kommandante. Mev. M. C. Joubert is die ywerige Jeugveldkornette.

'n Bewys van die ywer en dus groot toekoms van hierdie nuwe kommandantskap was die feit dat vleis, pap, koue poedings, springmielies en ander lekkernye en dranke daar onverwags opgedis is, wat 'n begin vir hul kas beteken het van naby die £3.

Hierdie nuwe kommandoraad was vroeër deel van Middelburg-kommando F8b1 en F8b6 (manne en vroue).

### O.B.-DAG

Middelburg-kommando (F8b1 en b6) het met 'n offisiersvergadering op 17 Junie o.a. besluit om O.B.-dag op 3 Augustus op die dorp te vier. Skouers word hard aan die wiel gesit om 'n sukses daarvan te maak.

**O.a. is ook besluit om 'n olieverf-skildery van een van ons plaaslike skilders uit te loof aan die een van die 6 aangestelde offisiere wat die meeste geld insamel vir die hernuwing van ledekaarte en/of die werwing van nuwe lede. Die aantal lede moet egter nie onder die 25 wees nie. Die geesdrif vir hierdie kompetisie is groot. — (Korr.)**

# *Rantsoenering Miskien Uitgebrei*

Daar bestaan soveel tegniese moeilikhede in verband met die rantsoenering van voedsel dat daar tans getwyfel word of die rantsoenering in die begin van Augustus in werking gestel kan word, het dr. Van Eck, Direkteur van Voedsel, verlede week verklaar. Hy het gesê dat dit tans oorweeg word om as dit noodsaaklik blyk, die stelsel na plattelandse dorpe uit te brei.

Dr. Van Eck het gesê dat daar nie toegelaat sal word dat skaars kosse uitgevoer word nie, behalwe in die geval waar skepe voorsien moet word. Met verwysing na die uitvoerverpligtings wat die regering aangegaan het, het dr. Van Eck verklaar dat hy hoop dat dit in hersiening geneem sal word.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk Groote Kerkgebou 703, Kerkplein Kaapstad.